

3. Brei uit:

Voorbeeld: $(x + 4)(x - 4) = 0$

$x^2 - 16 = 0$

a. $(x + 2)(x - 2) = 0$

b. $(x + 7)(x - 7) = 0$

c. $(x + 5)(x - 5) = 0$

d. $(x + 9)(x - 9) = 0$

e. $(x + 3)(x - 3) = 0$

f. $(x + 8)(x - 8) = 0$

g. $(x + 11)(x - 11) = 0$

h. $(x + 12)(x - 12) = 0$

i. $(x + 10)(x - 10) = 0$

j. $(x + 14)(x - 14) = 0$

4. Bereken: $(x + 1{,}2)(x - 1{,}2) = 0$

Hoe vinnig kan jy dit oplos?

Los vir x op.

$x^2 - 1 = 0$

$x^2 - 16 = 0$

$x^2 - 400 = 0$

$x^2 - 81 = 0$

$x^2 - 256 = 0$

Teken:

Datum:

84 Algebraïese vergelykings en volume

Kyk na die voorbeeld. Bespreek dit.

'n Reghoekige prisma met die volgende afmetings:

Lengte = $(2x)$ cm
Breedte = $(x - 1)$ cm
Hoogte = $(2x + 2)$ cm



Volume = lengte × breedte × hoogte

$l \times b \times h$
$= (2x)$ cm $\times (x - 1)$ cm $\times (2x + 2)$ cm
$= (2x)(x - 1) \times (2x + 2)$ cm^3
$= (2x^2 - 2x) \times (2x + 2)$ cm^3
$= 4x^3 + 4x^2 - 4x^2 - 4x$ cm^3
$= 4x^3 + 4x$ cm^3

1. Bepaal die volume van hierdie prismas deur die formule daarvoor te gebruik.

a. $l = 4x$ cm
b = $4x$ cm
h = $5x$ cm

b. $l = 3x$ cm
b = $x + 3$ cm
h = $x + 1$ cm

c. $l = 2x + 2$ cm
b = $x + 3$ cm
h = x cm

d. $l = 4x$ cm
b = $x + 2$ cm
h = $3x + 1$ cm

e. $l = 4x$ cm
b = $x + 1$ cm
h = $x + 2$ cm

f. $l = 2x$ cm
b = $2x + 3$ cm
h = $3x + 1$ cm


g. $l = 8x$ cm
b = $5x$ cm
h = $10x$ cm

h. $l = (3x + 2)$ cm
b = $(4x + 1)$ cm
h = $5x$ cm


i. $l = (3x + 4)$ cm
b = $(2x + 3)$ cm
h = $5x$ cm

2. Bereken die volume van hierdie prismas in terme van x.


a.




b.



c.



d.



Probleemoplossing

Kyk in die klaskamer of by jou huis rond en skep jou eie probleemsomme deur items soos kartondose en reghoekige prismahouers (sneesdoekiedose, kosblikke, potloodsakkies, ens) te meet. As $x = 3$, bereken die werklike volumes in vraag 2.

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

85 Algebraïese vergelykings: substitusie

Kyk na die voorbeelde. Bespreek dit.

$y = 2x^2 + 4x + 3$. Bereken y as $x = -2$:

$y = 2(-2)^2 + 4(-2) + 3$
of
$= 8 - 8 + 3$
$= 3$

$y = 2x(x + 2) + 3$
$= 2(-2)(-2 + 2) + 3$
$= 2(-2)(0) + 3$
$= 0 + 3$
$= 3$

1. Bereken die waarde van y as $x = -1$ deur albei metodes te gebruik.

Voorbeeld:

$y = 3x^2 + 6x + 2$
$y = 3(-1)^2 + 6(-1) + 2$
$= 3 - 6 + 2$
$= -1$

of

$y = 3x^2 + 6x + 2$
$= 3x(x + 2) + 2$
$= 3(-1)(-1 + 2) + 2$
$= 3(-1)(1) + 2$
$= -3 + 2$
$= -1$

a. $y = 2x^2 + 8x + 3$

b. $y = 7x^2 + 14x + 1$

c. $y = 2b^2 + 4b + 5$

b. $y = 3x^2 + 9x + 5$

e. $y = 3x^2 + 6x + 5$

f. $y = 6x^2 + 12x + 4$

g. $y = 5x^2 + 10x + 2$

h. $y = 4a^2 + 8a + 2$

i. $y = 3n^2 + 6x + 3$

j. $y = 2x^2 + 6x + 5$

Probleemoplossing

Vervang die veranderlike met die gegewe waarde en bereken.

$y = x^2 + 5x + 3$; $x = -2$

$y = 4x^2 + 10x + 15$; $x = 3$

$y = 2x^2 + 7x - 14$; $x = 3$

$y = x^2 + 9x - 7$; $x = 4$

$y = 5x^2 + 6x + 12$; $x = -6$

Teken:

Datum:

86a Gebruik algebraïese uitdrukkings om die praktiese probleme op te los

Lees en bespreek die volgende voordat jy die probleme oplos.
Probeer om dit te verstaan en dit nie net te memoriseer nie.

Ja, jy moet soms formules en metodes memoriseer, maar dan moet jy seker maak dat jy aan jouself en aan ander leerders kan verduidelik hoe dit werk.

As jy vashaak terwyl jy probeer om 'n vergelyking op te los, probeer dan om die probleem vanuit 'n ander oogpunt te beskou. Is daar 'n ander manier om na die probleem te kyk? Is daar 'n ander manier om dit te doen? Kan jy 'n gedeelte van die probleem eers oplos?

As jy byvoorbeeld moet demonstreer of 'n uitdrukking positief of negatief is, en jy kan dit nie algebraïes doen nie, kan 'n grafiese metode jou moontlik help.

1. Skryf 'n vergelyking vir elkeen van die volgende neer en los dit op.

a. 331 leerders gaan op 'n skooluitstappie. Die leerders word in ses busse vervoer, maar sewe leerders ry in motors saam. Hoeveel leerders is daar in elke bus?

b. Bongiwe het R24 om sewe potlode te koop. Nadat sy die potlode gekoop het, het sy R10 oor. Hoeveel het elke potlood gekos?

c. Die som van drie opeenvolgende getalle is 72. Wat is die kleinste van hierdie getalle?

d. Die som van drie opeenvolgende ewe getalle is 48. Wat is die kleinste van hierdie getalle?

e. Jy koop 'n tydskrif vir R5 en ook vier uitveërs. Jy gee altesaam R25 uit. Hoeveel het elke uitveër gekos?

Teken:

Datum:

vervolg

86b Gebruik algebraïese uitdrukkings om die praktiese probleme op te los vervolg

f. Suzanne het baie kartondose. Sy koop nog sewe dose. 'n Week later word die helfte van al haar kartondose beskadig. Daar is net 22 onbeskadigde dose oor. Met hoeveel kartondose het sy begin?

g. Riana gee die helfte van haar maandelikse toelae aan selfoonlugtyd uit. Om haar te help om meer geld te verdien, laat haar ouers haar toe om hul motor vir R40 te was en dit te stofsuig. Wat is haar maandelikse toelae as sy R120 oorhou?

h. Rebekka het 'n klompie lekkers om aan haar vier maats te gee. Sy hou 10 lekkers vir haarself en verdeel dan die res gelykop tussen haar maats. Elke maat kry twee lekkers. Met hoeveel lekkers het sy begin?

i. Hoe oud is ek as 400 minus twee maal my ouderdom 244 is?

j. Mpho verkoop die helfte van haar boeke en koop dan nog 16. Sy het nou 36 boeke. Met hoeveel boeke het sy begin?

k. Op 'n skooluitstappie het vier leerders per motor gereis en die res in nege busse. Hoeveel leerders was daar in elke bus as 472 leerders die uitstappie onderneem het?

Probleemoplossing

Skryf vyf van jou eie probleme neer en los dit op. Skryf die reël neer waarvolgens jou probleme opgelos kan word.

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

87 Nog 'n paar algebraïese vergelykings

Kyk na die voorbeeld. Bespreek dit.

Voorbeeld: Voltooi die tabel hierna vir x- en y-waardes vir die vergelyking: $y = 2x^2 - 3$

x	−2	−1	0	1	2
y	5	−1	−3	−1	5

$y = 2(-2)^2 - 3$
$= 2(4) - 3$
$= 8 - 3$
$= 5$

$y = 2(-1)^2 - 3$
$= 2(1) - 3$
$= 2 - 3$
$= -1$

$y = 2(0)^2 - 3$
$= 0 - 3$
$= -3$

$y = 2(1)^2 - 3$
$= 2 - 3$
$= 2 - 3$
$= -1$

$y = 2(2)^2 - 3$
$= 8 - 3$
$= 5$

1. Voltooi die tabel hierna vir x- en y-waardes vir die vergelyking:

a. $y = 3x^2 - 4$

x	−2	−1	0	1	2
y					

b. $y = 4x^2 - 3$

x	−2	−1	0	1	2
y					

c. $y = 2x^2 - 1$

x	−2	−1	0	1	2
y					

d. $y = 5x^2 - 7$

x	−2	−1	0	1	2
y					

e. $y = 5x^2 - 3$

x	−2	−1	0	1	2
y					

f. $y = 2x^2 - 2$

x	−2	−1	0	1	2
y					

g. $y = 3x^2 - 6$

x	−2	−1	0	1	2
y					

h. $y = 4x^2 - 2$

x	−2	−1	0	1	2
y					

i. $y = 2x^2 - 6$

x	−2	−1	0	1	2
y					

2. Voltooi die tabel hierna vir x- en y-waardes vir die vergelyking:

Voorbeeld: $y = x^2 - 2$

x	−3	−2	0	1	3
y	7	2	−2	−1	7

$y = (-3)^2 - 2$ | $y = (-2)^2 - 2$ | $y = (0)^2 - 2$ | $-1 = x^2 - 2$ | $7 = x^2 - 2$

$= 9 - 2$ | $= 4 - 2$ | $= 0 - 2$ | $x^2 = 1$ | $x^2 = 9$

$= 7$ | $= 2$ | $= -2$ | $x = 1$ | $x = 3$

a. $y = x^2 - 3$

x	−5	−3	0		
y				1	13

b. $y = x^2 - 10$

x	−4	−2	0		
y				15	26

c. $y = x^2 - 4$

x	−7	−5	0		
y				21	96

d. $y = x^2 - 1$

x	−2	−1	0		
y				48	63

e. $y = x^2 - 7$

x	−2	−1	0		
y				74	93

f. $y = x^2 - 9$

x	−2	−1	0		
y				16	27

g. $y = x^2 - 5$

x	−2	−1	0		
y				−1	4

h. $y = x^2 - 8$

x	−2	−1	0		
y				−4	8

i. $y = x^2 - 6$

x	−2	−1	0		
y				− 5	3

Nog vergelykings ...

Kies jou eie waardes vir die veranderlikes. Trek tabelle en los vir y op.

$y = 3x^2 - 4$ | $y = 2x^2 - 6$ | $y = 5p^2 - 10$ | $y = 6x^2 - 5$ | $y = q^2 - 1$

Teken:

Datum:

88a Interpretasie van grafieke


'n **Lineêre vergelyking** is 'n vergelyking met een of meer veranderlikes wat deur 'n reguitlyn op 'n grafiek voorgestel kan word. Die vergelyking word nooit gekwadreer of as vierkantswortel geskryf nie. Voorbeeld: $y = x + 2$.

x	$y = x + 2$	Geordende paar (koördinate)
−2	$-2 + 2 = 0$	$(-2, 0)$
−1	$-1 + 2 = 1$	$(-1, 1)$
0	$0 + 2 = 2$	$(0, 2)$
1	$1 + 2 = 3$	$(1, 3)$
2	$2 + 2 = 4$	$(2, 4)$


Kies 'n paar waardes vir x.

Stip nou hierdie gekose punte op die assestelsel.

Hierdie is 'n **diskrete funksie** wat uit **geïsoleerde punte** bestaan.



Wanneer jy 'n lyn deur al die punte trek en die lyn in albei rigtings verleng, kry jy 'n **kontinue funksie.**



1. Beantwoord die volgende vrae:

a. Wat beteken lineêr?

b. Is $y = x + 3$ lineêr of nie-lineêr? Teken dit.

c. Is $y = x^2 + 2$ lineêr of nie-lineêr? Teken dit.

d. Vergelyk jou antwoorde in b en c. Maak eksponente 'n vergelyking lineêr of nie-lineêr?

Teken:


Datum:


vervolg ☛

88b Interpretasie van grafieke vervolg


Kyk na die voorbeelde. Bespreek dit.

Voorbeeld:





'n Lineêre grafiek
beteken 'n reguitlyn wat styg of daal.




As 'n grafiek in 'n geboë lyn styg of daal, is dit 'n **nielineêre grafiek.**


'n Nielineêre grafiek is nie 'n reglynige grafiek nie.

2. Beskryf elke grafiek deur die woorde wat op hierdie werkblad in groen uitgelig is, te gebruik.


a.



b.




c.




d.



e.



f.



Probleemoplossing

Trek 'n grafiek wat vier van die kenmerke, wat in hierdie werkblad geleer is, insluit.


Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

89 x-afsnit en y-afsnit

Lees en bespreek.



Die punt waarby die lyn die y-as kruis, word die **y-afsnit** genoem.

Die punt waarby die grafiek die x-as kruis, word die **x-afsnit** genoem.

Die y-afsnit is die punt op die grafiek waar die waarde van x nul is: **y-afsnit = $(0, y)$**

Die x-afsnit is die punt op die grafiek waar die waarde van die y nul is: **x-afsnit = $(x, 0)$**

Voorbeeld: Bepaal die x en y afsnitte van die grafiek van $y = 2x - 7$:

Om die y-afsnit te bepaal, vervang x met 0.

$y = 2(0) - 7$

$y = -7$

Om die x-afsnit te bepaal, vervang y met 0.

$0 = 2x - 7$

$2x = 7$

$x = \frac{7}{2}$

Die y-afsnit is by punt $(0, -7)$ en die x-afsnit is by punt $(\frac{7}{2}, 0)$

Dink terug:

TOE

Dink terug aan die tyd toe jy in die laerskool was: Jou werkblaaie het stellings bevat soos

$\square + 3 = 4$ en jy moes die raampie invul.

NOU

Nou kan jy sê "$x + 3 = 4$"

Maak van funksienotasie gebruik:

Hierdie y = vergelykings is **funksies**. $f(x)$ is die simbool vir 'n funksie wat 'n enkelveranderlike insluit (wat in hierdie geval x is).

Voorheen sou ons gesê het:
$y = 2x + 5$; los vir y op as $x = -2$.

Nou kan jy sê: $f(x) = 2x + 5$, bepaal $f(-2)$.

Voorbeeld: $f(x) = 2x + 5$, bepaal $f(-2)$

$f(-2) = 2(-2) + 5$

$= -4 + 5$

$= 1$

Kom ons gaan voort met x- en y-afsnitte.

Bepaal die x- en y-afsnitte van $y = f(x) = x^2 + x - 2$.

Om die x-afsnitte te bepaal, los ons die volgende op:

$f(x) = x^2 + x - 2$

$0 = x^2 + x - 2$

$0 = (x + 2)(x - 1)$

$x = 1$ of $x = -2$

Om die y-afsnitte te bepaal, vervang ons x met nul:

$f(0) = (0)^2 + (0) - 2$.

$y = 0^2 + 0 - 2$

$y = -2$

Dus is x-afsnitte $(1, 0)$ en $(-2, 0)$ en y-afsnitte $(0, -2)$.

1. Bepaal die x- en y-afsnitte.

Voorbeeld: Om die y-afsnit te bepaal, vervang x deur 0.

$y = 2(0) - 7$

$y = -7$

Om die x-afsnit te bepaal, vervang y deur 0.

$0 = 2x - 7$

$2x = 7$

$x = \frac{7}{2} = 3.5$

a. $y = 2x + 4$

b. $y = 2x + 7$

c. $y = 2x - 5$

d. $y = 3x - 6$

e. $y = -4x - 1$

f. $y = -3x - 2$

2. Bepaal die x- en y-afsnitte.

a. $y = x^2 + 2x + 1$

b. $y = x^2 + 3x - 2$

c. $y = x^2 + 4x - 2$

d. $y = x^2 + 5x - 4$

e. $y = x^2 - 2x - 1$

f. $y = x^2 - 4x + 3$


Probleemoplossing

As die x-afsnit 4 is, wat kan die y-afsnit dan wees?

Teken:

Datum:

90a Interpretasie van grafieke: gradiënt



Die gradiënt van die lyn is $\frac{3}{3} = 1$

$\frac{5}{2} = 2\frac{1}{2} = 2{,}5$


Die lyn is steiler, dus is die gradiënt groter.

$\frac{2}{4} = \frac{1}{2} = 0{,}5$

Die lyn is minder steil, dus is die gradiënt kleiner.

Negatiewe gradiënt:

Wanneer van die linkekant af begin word, met die lyn wat na regs ondertoe beweeg, is dit 'n **negatiewe** gradiënt.




Die gradiënt is:


$\frac{-3}{3}$
$= -1$


$\frac{-5}{2}$
$= -2\frac{1}{2}$
$= -2{,}5$


$\frac{-2}{4}$
$= -\frac{1}{2}$
$= -0{,}5$


Onthou jy nog hierdie terme wat vir lineêre en nielineêre grafieke gebruik word?











Teken:

Datum:


vervolg ☛

90b Interpretasie van grafieke: gradiënt


vervolg

1. Wat is die gradiënte van hierdie lyne?


a.




b.



c.




d.




2. Wat is die gradiënte van hierdie lyne?


a.




b.




c.




d.



e.



f.



Probleemoplossing

Hoe sal jy die gradiënt van enige voorwerp by jou huis bepaal?


Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

91 Gebruik tabelle van geordende pare

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	−1	0	1	2	3	4	5	6	7



Beskryf die grafiek deur gebruik te maak van:

- Lineêr of nielineêr.
- Konstant, stygend, dalend.
- Maksimum of minimum (of nie toepaslik nie).
- Diskreet of kontinu.
- y-afsnit en x-afsnit.

1. Stip die volgende op die Cartesiese vlak. Gebruik 'n paar van bogenoemde woorde om die grafieke te beskryf.

a.

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	−3	−2	−1	0	1	2	3	4	5

b.

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	−5	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3

c.

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	4	3	2	1	2	−1	−2	−3	−4

d.

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	1	0	1	2	3	4	5	6	7

e.

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	18	11	6	3	0	3	6	11	18

f.

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	−2	0	2	0	−2	0	2	0	−2

Probleemoplossing

Skep jou eie tabel met geordende pare en 'n diagram wat 'n lineêre grafiek toon wat die x-as en y-as sny.

Teken:

Datum:


92 Nog grafieke

$x = 4$

In hierdie vergelyking word al die waardes van y, $x = 4$ as 'n reguit vertikale lyn gestip. Ons kan sê dat die vergelyking onafhanklik van y is.

As jy dit in 'n tabel skryf, lyk dit so:

x	4	4	4	4	4	4	4
y	−3	−2	−1	0	1	2	3



x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	4	4	4	4	4	4	4

$y = 4$

Hierdie vergelyking is onafhanklik van x, dus ook vir alle waardes van x, $y = 4$.
Dit word as 'n reguit horisontale lyn gestip.

1. Trek en vergelyk die grafieke van:

a. $x = 3$
$y = 3$

x							
y							

b. $x = -2$
$y = -2$

x							
y							

c. $x = 5$
$y = 5$

x							
y							

d. $x = 7$
$y = 7$

x							
y							

e. $x = -6$
$y = 6$

x							
y							

f. $x = -8$
$y = 8$

x							
y							

Probleemoplossing

Trek en vergelyk die grafieke van $y = 2{,}5$ en $x = 2{,}5$.


Teken:

Datum:

93 Nog meer grafieke

$x = y$

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−3	−2	−1	0	1	2	3



Is hierdie grafiek lineêr of nielineêr?

Wat is geordende pare?

Is hierdie grafiek konstant, stygend of dalend?

Hoe sal hierdie grafiek lyk as dit dalend is?

1. Trek en vergelyk die grafieke. Gebruik die grafiekpapier op die volgende bladsy. Gebruik kleur en benoem die grafieke.

a. $x = y$ b. $x = -y$

c. $-x = y$ d. $-x = -y$


2. Beskryf elke grafiek.

a. Is die grafiek lineêr of nielineêr?

a.	b.	c.	d.

b. Is die grafiek konstant, stygend of dalend?

a.	b.	c.	d.



Probleemoplossing

Vergelyk grafiek a, b, c en d met mekaar.

Teken:

Datum:

94 Nog meer grafieke

Trek en vergelyk grafieke: $y = 2x$; $y = 2x + 1$; $y = 2x - 1$

$y = 2x$


x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−6	−4	−2	0	2	4	6

$y = 2x + 1$

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−5	−3	−1	1	3	5	7


$y = 2x - 1$

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−7	−5	−3	−1	1	3	5




1. Trek en vergelyk die grafieke van


a. $y = 3x$
$y = 3x + 1$
$y = 3x - 1$




b. $y = 5x$
$y = 5x + 2$
$y = 5x - 1$



c. $y = 4x$
$y = 4x + 1$
$y = 4x - 2$



d. $y = 6x$
$y = 6x + 4$
$y = 6x - 1$



Probleemoplossing

Trek en vergelyk die grafieke van $y = 6x$, $y = 6x + 1$ en $y = 6x - 1$

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

95 Trek en vergelyk grafieke

$y = 3x$


x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−9	−6	−3	0	3	6	9

$y = 4x$

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−12	−8	−4	0	4	8	12


$y = 5x$

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−15	−10	−5	0	5	10	15




1. Trek, benoem en vergelyk die grafieke.


a. $y = 2x$
$y = 5x$
$y = 6x$




b. $y = -2x$
$y = -5x$
$y = -6x$



c. $y = 3x$
$y = x$
$y = 2x$



d. $y = 3x$
$y = -x$
$y = -2x$



Probleemoplossing

Vergelyk die grafieke in a, b, c en d.

Teken:

Datum:


15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

96a Vergelyk en trek grafieke

$y = -3x + 2$

x	–7	–4	–1	2	5	8	11
y	3	2	1	0	–1	–2	–3


Stip dit op die grafiek, en verbind die punte.



1. Voltooi die tabel en trek die grafiek.

a. $y = 4x + 3$

x							
y							



Teken:


Datum:

vervolg ☛

96b Vergelyk en trek grafieke vervolg


b. $y = 2x + 4$

x							
y							




c. $y = -3x + 1$

x							
y							



d. $y = -2x + 2$

x							
y							



Probleemoplossing

Vergelyk grafiek a en b.


Teken:

Datum:

97 Grafieke

Vergelyking: $y = x + 3$

x	−4	−3	−2	−1	0	1	2	3	4
y	−1	0	1	2	3	4	5	6	7



1. Bepaal die vergelyking van die reguitlyn wat deur punte beweeg en beskryf elke grafiek. As die grafiek styg of daal, wat moet jy verander om die grafiek te laat daal of styg?

a.

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−3	−8	−3	2	7	12	17

Vergelyking: $y = 5x + 2$

b.

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−18	−12	−6	0	6	12	18

Vergelyking: $y = 6x$

c.

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	−14	−10	−6	−2	2	6	10

Vergelyking: $y = 4x - 2$

d.

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	7	5	3	1	−1	−3	−5

Vergelyking: $y = 2x + 1$

e.

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	8	5	2	−1	−4	−7	−10

Vergelyking: $y = -3x - 2$

Probleemoplossing


Bepaal die vergelyking van die reguitlyn wat deur 'n paar punte beweeg wat jy gegee het.

Teken:

Datum:

98 Nog grafieke

Kyk na die grafiek en skryf die geordende pare in die tabelle in. Ons het die eerste een vir jou gedoen.



1. a. $y = 4$

x	−3	−2	−1	0	1	2	3
y	4	4	4	4	4	4	4

b. $x = 4$

x							
y							


c. $x = y$

x							
y							

d. $y = -x$

x							
y							

2. Kyk na die gekleurde lyne op hierdie grafiek. Wat moet die geordende pare en die vergelykings wees?



x							
y							

x							
y							

x							
y							

x							
y							

Probleemoplossing


Bepaal die vergelyking van 'n lineêre grafiek deur eers jou eie grafiek te trek.

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

99a Nog meer grafieke



Wat is die reël?

a. $y = 2x$

y	−6	−4	−2	0	2	4	6
x	−3	−2	−1	0	1	2	3

b. $y = 2x + 1$


y	−5	−3	−1	1	3	5	7
x	−3	−2	−1	0	1	2	3

c. $y = 2x - 1$

y	−7	−5	−3	−1	1	3	5
x	−3	−2	−1	0	1	2	3

1. Bepaal die vergelyking.

a.



Vergelyking:

y							
x							

Vergelyking:

y							
x							

Vergelyking:

y							
x							


Teken:

Datum:

vervolg ☛

99b Nog meer grafieke vervolg

b.




Vergelyking:								
y								
x								

Vergelyking:								
y								
x								

Vergelyking:								
y								
x								



C.



Vergelyking:

y							
x							

Vergelyking:

y							
x							

Vergelyking:

y							
x							

Probleemoplossing

Bepaal die vergelyking van drie reguitlyne deur enige drie lyne op 'n grafiek te trek (gebruik hierdie werkkaart as riglyn).

Teken:

Datum:

100a Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n kubus

Omtrek van 'n vierkant	Oppervlakte van 'n vierkant	Volume van 'n kubus	Buite-oppervlakte van 'n kubus	Kapasiteit
$P = 4l$	$A = l^2$	$V = l^3$	A = die som van die oppervlakte van al die vlakke.	• 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 verplaas presies 1 ml water. • 'n Voorwerp met 'n volume van 1 m^3 verplaas presies 1 kl water.

As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm^2 = 100 mm^2

As 1 m = 100 cm, dan 1 m^2 = 10 000 cm^2

As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm^3 = 1 000 mm^3


As 1 m = 100 cm, dan 1 m^3 = 1 000 000 cm^3 of 10^6 cm^3

Waar in die werklike lewe gebruik ons die volume en buite-oppervlakte van 'n kubus?

Voorbeeld:

Volume

Die volume van 'n vaste liggaam is die hoeveelheid ruimte wat dit in beslag neem.



$V = l^3$

$V = (4\text{ cm})^3$

$V = 64\text{ cm}^3$

Kapasiteit

Die kapasiteit is die hoeveelheid vloeistof wat 'n houer kan inhou sodra dit vol is.

Let wel: 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 verplaas 1 ml water.


∴ 'n Voorwerp wat 64 cm^3 is, verplaas 64 ml water van 0,064 l.

Kubieke mm	Kubieke cm	Kubieke m	Liter
1 000 000 000	1 000 000	1	1 000
1 000 000	1 000	0,001	1
1 000	1	0,000001	0,001

Buite-oppervlakte

Dit is die totale oppervlakte van die oppervlak van 'n meetkundige vaste liggaam.

Die net van die kubus: Hoeveel vlakke is daar?



Buite-oppervlakte = die som van die oppervlakte van al die vlakke.

= 6 (oppervlakte van 'n vlak)

$= 6a^2$

$= 6\ (4\text{ cm})^2$

$= 6 \times 16\text{ cm}^2$

$= 96\text{ cm}^2$

1. Bereken die volume, kapasiteit (gevul met water) en buite-oppervlakte van die volgende kubusse. Die een sy is gelyk aan ____.

a. 5 cm

b. 2,8 cm

c. 4,3 cm

d. 5,25 cm

e. 40 cm

f. 55 cm

Teken:

Datum:

vervolg

100b Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n kubus vervolg

g. 8,2 cm

h. 3,75 cm

i. 82 cm

j. 100 cm

2. As die buite-oppervlakte ____ is, wat is die volume van die kubus dan?

Voorbeeld:

54 cm^2 = 6(lengte)^2

'n Kubus het ses vlakke ∴ 54 cm^2 ÷ 6 = 9 cm^2 = 3 cm × 3 cm ∴ lengte = 3 cm

Die formule vir die volume van 'n kubus is (lengte)^3

∴ 3 cm × 3 cm × 3 cm = 27 cm^3

Die volume is 27 cm^3.

a. 216 cm^2

b. 150 cm^2

c. 294 cm^2

d. 24 cm^2

e. 486 cm^2

f. 388 cm^2

Probleemoplossing

Al die sye van die meetkundige voorwerp met ses vlakke is dieselfde. Een sy is gelyk aan 3,5 cm. Wat is die vorm van hierdie voorwerp?

Teken:

Datum:

101 Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n reghoekige prisma

Omtrek van 'n reghoek	Opper-vlakte van 'n reghoek	Volume van 'n reghoekige prisma	Buite-oppervlakte van 'n reghoekige prisma	Kapasiteit
$P = 2(l + b)$ of $2l + 2b$	$A = l \times b$	$V = l \times b \times h$	A = die som van die oppervlakte van al die vlakke	'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 verplaas presies 1 ml water. • 'n Voorwerp met 'n volume van 1 m^3 verplaas presies 1 kl water.

As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm^2 = 100 mm^2

As 1 m = 100 cm, dan 1 m^2 = 10 000 cm^2



As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm^3 = 1 000 mm^3

As 1 m = 100 cm, dan 1 m^3 = 1 000 000 cm^3 of 10^6 cm^3

Is hierdie grafiek konstant, stygend of dalend?

Waar in die werklike lewe gebruik ons die volume en buite-oppervlakte van 'n reghoekige prisma?

Voorbeeld:

Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte
4 cm  2 cm 1,5 cm $V = l \times b \times h$ V = 4 cm × 1,5 cm × 2 cm V = 12 cm^3	Let wel: ' n Voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 verplaas 1 ml water. ∴ 'n Voorwerp wat 12 cm^3 is, verplaas 12 ml.	Beskryf die vlak. 4 cm  1,5 cm 2 cm Buite-oppervlakte: $A = 2bl + 2lh + 2hb$ = 2 (1,5 cm × 4 cm) + 2 (4 cm × 2 cm) + 2(2 cm × 1,5 cm) = 12 cm^2 + 16 cm^2 + 6cm^2 = 34 cm^2

Kubieke mm	Kubieke cm	Kubieke m	Liter
1 000 000 000	1 000 000	1	1 000
1 000 000	1 000	0,001	1
1 000	1	0,000001	0,001

1. Bereken die volume, kapasiteit (gevul met water) en buite-oppervlakte van die volgende reghoekige prismas.

	lengte	breedte	hoogte
a.	2 cm	1 cm	8 cm
b.	3,4 cm	2,2 cm	4 cm
c.	8 cm	4,3 cm	5 cm
d.	7,2 cm	6,5 cm	3,7 cm
e.	5,5 cm	3,5 cm	6 cm

a.

b.

c.

d.

e.

2. As die buite-oppervlakte ___ is, wat is die volume van die kubus dan?

Voorbeeld:

52 cm^2

'n Reghoekige prisma het ses syvlakke.

Die formule vir die volume van 'n reghoekige prisma is $l \times b \times h$

4 cm × 3 cm × 2 cm = 24 cm^3

Die volume is 24 cm^3.

Wenk: Kies enige 2 sye en bereken die derde sy, of kies 3 waardes en toets jou antwoord.

a. 104 cm^2

b. 118 cm^2

c. 122 cm^2

d. 214 cm^2

e. 220 cm^2

Probleemoplossing

Die lengte, breedte en hoogte van hierdie meetkundige voorwerp met ses vlakke is .... Watter vorm het die voorwerp? Teken dit.

Teken:

Datum:

102 Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n seshoekige prisma

Omtrek van 'n seshoek	Oppervlakte van 'n seshoek	Volume van 'n seshoekige prisma	Buite-oppervlakte van 'n seshoekige prisma	Kapasiteit
$P = 6r$	Sien hierna	$V = 3\,ash$ a = kortstraallengte s = sy h = hoogte	A = die som van die oppervlakte van al die vlakke	'n Voorwerp met die volume van 1 cm^3 verplaas presies 1 ml water. • 'n Voorwerp met die volume van 1 m^3 verplaas presies 1 kl water.


Waar in die werklike lewe gebruik ons die volume en buite-oppervlakte van 'n seshoekige prisma?

Ondersoek die volume en buite-oppervlakte van 'n seshoekige prisma.

Inligting gegee

Reëlmatige seshoek

Ons kan die oppervlakte van 'n reëlmatige seshoek bepaal deur dit in ses gelyksydige driehoeke te verdeel.



L is die lengte. H is die hoogte van elke driehoek.
Gebruik Pythagoras se stelling vir 'n reghoekige driehoek:
$L^2 = (\frac{1}{2}L)^2 + H^2$

Dus:
$H = \sqrt{L^2 - (\frac{1}{2}L)^2} = \frac{\sqrt{3}}{2}L$

Beskou nou een van die gelyksydige driehoeke:
Oppervlakte van driehoek = $\frac{1}{2}$ × basis × hoogte = $\frac{1}{2} \times L \times H = \frac{1}{2} \times L \times \frac{\sqrt{3}}{2}L = \frac{\sqrt{3}}{4}L^2$

en:
Oppervlakte van reëlmatige seshoek = 6 × oppervlakte van 'n driehoek = $\frac{\sqrt{3}}{4}L^2 \times 6 = \frac{3\sqrt{3}}{4}L^2$

In benaderde numeriese terme is die oppervlakte van 'n reëlmatige seshoek 2,598 maal die kwadraat van die sylengte daarvan.

1. Bereken die volume van 'n seshoekige prisma.

2. Bereken die buite-oppervlakte van 'n seshoekige prisma.


Probleemoplossing

Som jou ondersoek na die buite-oppervlakte van 'n seshoek nou op.

Teken:

Datum:

103a Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n driehoekige prisma



Moenie dit met liter (*l*) verwar nie.


Waar in ons alledaagse lewe gebruik ons die volume en buite-oppervlakte van 'n driehoekige prisma?

Opper-vlakte van 'n reghoek	Opper-vlakte van 'n driehoek	Volume van 'n driehoekige prisma	Buite-oppervlakte van 'n driehoekige prisma	Kapasiteit
$A = l \times w$	$A = \frac{1}{2}b \times h$	$V = \frac{1}{2}b \times h \times l$	A = die som van die oppervlakte van al die vlakke.	'n Voorwerp met die volume van 1 cm³ verplaas presies 1 ml water. 'n Voorwerp met die volume van 1 m³ verplaas presies 1 kl water.

As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm² = 100 mm²
As 1 m = 100 cm, dan 1 m² = 10 000 cm²
As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm³ = 1 000 mm³
As 1 m = 100 cm, dan 1 m³ = 1 000 000 cm³ of 10^6 cm³

Voorbeeld:

Volume



$V = \frac{1}{2}\ b \times h \times l$
$V = \frac{1}{2}$ (5 cm) × 3 cm × 2 cm
V = 2,5 cm × 3 cm × 2 cm
V = 15 cm³


Kapasiteit

Let wel: 'n Voorwerp met 'n volume van 1 cm³ verplaas 1 ml water.
∴ 'n Voorwerp wat 15 cm³ is, verplaas 15 ml water.

Buite-oppervlakte

A = 2 (oppervlakte van die driehoek) + (oppervlakte van die drie reghoeke)
Oppervlakte van die driehoeke: = 2 ($\frac{1}{2}$ (5 cm) × 3 cm) = 15 cm²
Oppervlakte van die middelste reghoek = b × l = 5 cm × 2 cm = 10 cm²
Buite-oppervlakte van die ander twee reghoeke = (lengte × sy van driehoek) × 2
= (2 cm × $\sqrt{3^2 + 2{,}5^2}$) × 2 = (2 cm × 3,9 cm) × 2 = 7,8 cm² × 2 = 15,6 cm²
A = 15 cm² + 10 cm² + 15,6 cm² = 40,6 cm²

Om die lengte van twee van die reghoeke te bepaal, moet ons van Pythagoras se stelling gebruik maak.



Die twee driehoeke is ewe groot.

Let daarna op dat die twee driehoeke identies is, maar dat die drie reghoeke se groottes verskil.

Teken:
Datum:

vervolg

103b Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n driehoekige prisma vervolg

1. Bereken die volume, kapasiteit en buite-oppervlakte van die volgende driehoekige prismas.

a. Basis = 2 cm, Hoogte = 1 cm en Lengte = 3 cm

b. Basis = 10 cm, Hoogte = 3 cm en Volume = 30 cm^3

2. As die buite-oppervlakte ____ is, wat is die volume van die driehoekige prisma dan?

a. 110 cm^2 en lengte = 4 cm

b. 66 cm^2 en lengte = 5 cm

c. 177 cm^2 en lengte = 2 cm

d. 228 cm^2 en lengte = 3 cm

Probleemoplossing

Hierdie meetkundige voorwerp het twee driehoekige syvlakke en drie reghoekige syvlakke. Die oppervlakte van die driehoek is 6 cm^2 en die hoogte van die prisma is 4 cm.

Wat sal die buite-oppervlakte wees?

Teken:

Datum:

104a Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n silinder

Omtrek van 'n sirkel
$C = \pi\ d$ of $2\ \pi\ r$



Oppervlakte van 'n sirkel
$A = \pi\ r^2$

As 1 cm = 10 mm, dan 1 cm^2 = 100 mm^2
As 1 m = 100 cm, dan 1 m^2 = 10 000 cm^2

Volume van 'n silinder
$V = \quad \pi\ r^2\ h$


Buite-oppervlakte van 'n silinder
A = die som van die oppervlakte van al die vlakke.

Voorbeeld:


Volume	Kapasiteit	Buite-oppervlakte
$V = \pi \times r^2 \times h$  deursnee = 4 ∴ radius = 2 $V = \pi \times (2)^2 \times 4$ $= \pi \times 4 \times 4$ $= 16\pi$ cm^3 = 50,265 cm^3	Let wel: ' n Voorwerp met 'n volume van 1 cm^3 verplaas 1 ml water. ∴ 'n Voorwerp wat 12 cm^3 is, verplaas 12 ml water.	$A = 2 \times \pi\ r \times (r + h)$ Oppervlakte van die een kant $= \pi \times r^2$ Oppervlakte van die sy $= C \times h$ $= 2 \times \pi \times r \times h$  deursnee = 4 ∴ radius = 2 $A = 2 \times \pi \times r \times (r + h)$ $= 2 \times \pi \times 2 \times (2 + 4)$ $= 2 \times \pi \times 2 \times (6)$ $= 24\pi$ = 75,398 cm^2

1. Bereken die volume, kapasiteit (as dit gevul is met water) en buite-oppervlakte van die silinder.

a.



b.



Teken:
Datum:

vervolg

104b Buite-oppervlakte, volume en kapasiteit van 'n silinder vervolg

c. Deursnee: 4 cm
Hoogte: 10 cm

d. Deursnee: 12 cm
Hoogte: 14 cm

e. Deursnee: 9 cm
Hoogte: 13 cm

f. Deursnee: 7 cm
Hoogte: 11 cm

Probleemoplossing


Die middellyn van die voorwerp is 7 cm. Die hoogte van die voorwerp is 5,5 cm. Identifiseer die meetkundige voorwerp.

Teken:

Datum:

105 Refleksie oor asse

Kyk na die figuur en beskryf elkeen daarvan. Maak gebruik van woorde soos **spieël**, **vorm**, **oorspronklike vorm**, **refleksielyn** en **vertikaal**.




Die koördinate van elke figuur is:

ABCDEF: (−5,6); (−3,6); (−3,9); (−1,9); (−1,4); (−5,4)
A'B'C'D'E'F': (5,6); (3,6); (3,9); (1,9); (1,4); (5,4)

Wat merk jy op? As 'n figuur oor die y-as reflekteer, bly die y-koördinate dieselfde en verander die x-koördinate na hul teenoorgestelde heelgetalle.

Wanneer 'n vorm oor 'n spieëllyn gereflekteer word, is die refleksie ewe ver van die refleksielyn as van die oorspronklike vorm af.




Die koördinate van elke figuur is:

ABCDEF: (5,6); (7,6); (7,3); (9,3); (9,1); (5,1)
A'B'C'D'E'F': (5,−6); (7,−6); (7,−3); (9,−3); (9,−1); (5,−1)


Wat merk jy op? As 'n figuur oor die x-as reflekteer, bly die x-koördinate dieselfde en verander die y-koördinate na hul teenoorgestelde heelgetalle.

1. Beskryf elke refleksie deur die riglyne onder elke grafiek te gebruik. Onthou om die figuur te benoem voordat jy dit beskryf.

a.



b.



i. Skryf die koördinate vir beide figuur neer:

_____

_____

ii. Reflekteer oor die ____ as.

iii. Vergelyk die x- en y-koördinate.

_____
_____
_____
_____

i. Skryf die koördinate vir beide figuur neer:

_____


_____

ii. Reflekteer oor die ____ as.

iii. Vergelyk die x- en y-koördinate.

_____
_____
_____
_____

c.



i. Skryf die koördinate vir beide figuur neer:

_____


_____

ii. Reflekteer oor die ____ as.

iii. Vergelyk die x- en y-koördinate.

_____
_____
_____
_____

d.



i. Skryf die koördinate vir beide figuur neer:

_____

_____

ii. Reflekteer oor die ____ as.

iii. Vergelyk die x- en y-koördinate.

_____
_____
_____
_____


Probleemoplossing

Wat is die twee stelle van nuwe koördinate van die figuur ABC [(-3,4); (-1,1); (-5,1)] as dit oor die volgende gereflekteer word: x-as; y-as.

Teken:

Datum:

106 Refleksie oor lyne



Wat merk jy op omtrent die refleksielyn?
$x = -y$
Bv. (1, −1); (2, −2)


Die koördinate vir ABCDEF is:
(−6, 0); (−1, 0); (−1, −4); (−3, −4); (−3, −2); (−6, −2)

Die koördinate vir A'B'C'D'E'F' is:
(0, 6); (1, 0); (4, 1); (4, 3); (2, 3); (2, 6)

Wanneer jy 'n punt oor 'n lyn $x = -y$ reflekteer, ruil die x-koördinate en die y-koördinate om, en die tekens verander (word genegeer).


1. Trek die lyne.

a. $x = y$



Verduidelik hoe jy die lyn bepaal:


b. $-x = y$



Verduidelik hoe jy die lyn bepaal:

2. Beskryf elke refleksie. Onthou om jou figuur te benoem voordat jy dit beskryf.

a.



i. Skryf die koördinate vir beide figure neer:

_____


_____

ii. Reflekteer oor die lyn ____.

iii. Vergelyk die x- en y-koördinate.

_____
_____
_____
_____

b.



i. Skryf die koördinate vir beide figure neer:

_____


_____

ii. Reflekteer oor die lyn ____.

iii. Vergelyk die x- en y-koördinate.

_____
_____
_____
_____

3. Trek figure wat oor 'n lyn $x = y$ reflekteer.



i. Wat is die koördinate?

_____

_____

ii. Reflekteer oor die lyn ____.


Probleemoplossing

Trek 'n figuur wat oor 'n lyn $-x = y$ reflekteer. Skryf die koördinate neer.

Teken:

Datum:

107 Refleksie oor enige lyn



Beskryf die refleksie.
Die koördinate vir ABC:
(−5,3); (−3,0); (−5,−2).

Let daarop dat die y-koordinate hier dieselfde bly.

Die koördinate vir A'B'C':
(1,3); (−1,0); (1,−2)

Die refleksielyn is 'n lyn wat ewever van
A na A' is en gaan dus deur (−2,3)
B na B' is (−2,0)
C en C' is (−2,2).

A	A'	Refleksielyn
(−5,3)	(1,3)	(−2,3)

A
−5 −(−2) = −3
(Skuif 3 na links).

A'
1−(−2) = 3
(Skuif 3 na regs).

B	B'	Refleksielyn
(−3,6)	(−1,0)	(−2,0)

B
−3 −(−2) = −1
(Skuif 1 na links).

B'
1−(−2) = 1
(Skuif 1 na regs).


C	C'	Refleksielyn
(−5,2)	(1,−2)	(−2,2)

C
−5 −(−2) = −3
(Skuif 3 na links).


C'
1−(−2) = 3
(Skuif 3 na regs).

1. Beskryf die refleksie deur die voorbeeld in die konsepontwikkeling as riglyn te gebruik. Onthou om jou diagramme te benoem.


a.




b.



c.



d.




Probleemoplossing

Dui 'n figuur aan wat oor enige lyn reflekteer. Skryf die koördinate neer.

Teken:

Datum:



Verduidelik hierdie rotasie.

Koördinate vir ABCDEF is:
(0,5); (2,5); (2,2); (4,2); (4,0); (0,0)


Koördinate vir A'B'C'D'E'F' is:
(0,−5); (−2,−5); (−2,−2); (−4,−2); (−4,0); (0,0)

Die koördinate van ooreenstemmende draaipunte is teenoorgestelde heelgetalle (net die +– en –tekens verskil). Dit is altyd dieselfde vir 180°-rotasies om die oorsprong.

1. Gee nog twee van jou eie voorbeelde om aan te dui dat die koördinate van ooreenstemmende draaipunte teenoorgestelde heelgetalle is (met net die +– en –tekens wat verskil).

2. Rotasie

Gebruik woorde soos geroteer of gedraai, kloksgewys, anti-kloksgewys, rotasiepunt en afstand.




a. Skryf die koördinate neer vir:

A: _____ A': _____
B: _____ B': _____
C: _____ C': _____
D: _____ D': _____
E: _____ E': _____
F: _____ F': _____

b. Wat merk jy op omtrent die koördinate van ooreenstemmende draaipunte?

c. Gee nog twee voorbeelde waarin 'n figuur 90° kloksgewys oor die x-as roteer.

3.



a. Skryf die koördinate neer vir:

A: _____ A': _____
B: _____ B': _____
C: _____ C': _____
D: _____ D': _____
E: _____ E': _____
F: _____ F': _____

b. Wat merk jy op omtrent die koördinate van ooreenstemmende draaipunte?

c. Gee nog twee voorbeelde waarin 'n figuur 90° antikloksgewys oor die y-as roteer.


Probleemoplossing

Wys 'n figuur wat op 'n Cartesiese rooster roteer. Skryf die koördinate neer.

Tekens:

Datum:

109 Translasie



Twee stelle koördinate is:

ABCDEF
(−4,0); (−2,0); (−2,−3); (0,−3); (0,−5); (−4,−5)

A'B'C'D'E'F'
(−2,3); (0,3); (0,0); (2,0); (2,−2); (−2,−2)

Die translasievektor is 'n vektor wat die lengte en rigting van 'n bepaalde translasie aandui.
3 opwaarts op die y-as
2 na regs op die x-as.

Wat is die translasievektor vir die figuur? 2 na regs beteken +2 en 3 op beteken +3.


Werk in pare om dit te bewys.

Skryf die pare ooreenstemmende draaipunte neer.

- (−4,0) en (−2,3)
  −4 + 2 = −2
  0 + 3 = 3
- (−2,0) en (0,3)
  −2 + 2 = 0
  0 + 3 = 3
- (−2,−3) en (0,0)
  −2 + 2 = 0
  −3 + 3 = 0
- (0,−3) en (2,0)
  0 + 2 = 2
  −3 + 3 = 0
- (0,−5) en (2,−2)
  0 + 2 = 2
  −5 + 3 = −2
- (−4,−5) en (−2,−2)
  −4 + 2 = −2
  −5 + 3 = −2

1. Beskryf die translasie. Onthou om jou diagramme te benoem.


a.



Koördinate

Translasievektor


b.



Koördinate

Translasievektor


c.



Koördinate

Translasievektor


d.



Koördinate

Translasievektor


e.



Koördinate

Translasievektor

f.



Koördinate

Translasievektor

Probleemoplossing

Dui translasies van 'n figuur op die Cartesiese vlak aan. Skryf die koördinate neer.

Teken:

Datum:


110 Transformasie

Beskryf elkeen van hierdie tipes transformasies in jou eie woorde:


Refleksie	Rotasie	Translasie
Oor die x-as		
Oor die y-as		
Oor enige lyn		

1. Beskryf die transformasies. Onthou om jou diagramme en asse te benoem.


a.




b.



c.



d.



Skryf notas oor dit wat jy moet onthou wanneer jy met transformasies op die Cartesiese vlak werk.

Probleemoplossing


Wys refleksie, rotasie en translasie van 'n figuur op 'n Cartesiese vlak en skryf die koördinate neer.


Teken:

Datum:

111a Nog transformasies

Dui aan dat die figuur en hul beelde kongruent is deur aan die hand van 'n kombinasie van transformasies te beskryf hoe die oorspronklike figuur beweeg het.






Die figuur word:

- gereflekteer, dan
- geroteer – kloksgewys deur 90° – en dan
- getransleer – 5 blokkies na links en 2 blokkies af.


Gebruik koördinate om die transformasie te beskryf. Jy het die transformasie van links na regs beskryf; verduidelik dit nou van regs na links.



1a. Skryf die koördinate van die meetkundige figuur neer.

b. Wat merk jy op?

c. Watter tipe transformasie is dit?



2a. Skryf die koördinate van die meetkundige figuur neer.

b. Wat merk jy op?

c. Watter tipe transformasie is dit?


Teken:

Datum:


vervolg

111b Nog transformasies vervolg

3a. Gebruik woorde om hierdie transformasie te beskryf deur by die figuur aan die linkerkant te begin.




b. Gebruik nou koördinate om die transformasie te beskryf. Benoem die grafiek.



4. Beskryf die transformasie deur by die boonste figuur te begin.

a. Dui kongruente figuur aan ('n figuur en sy beeld) deur rotasie en refleksie te gebruik.
(Voorbeeld van 'n antwoord:)



Probleemoplossing

Dui 'n transformasie op die Cartesiese vlak aan deur refleksie, rotasie en translasie te gebruik. Skryf die koördinate neer.


Teken:

Datum:

112a Vergroting en verkleining

In hierdie werkblad moet jy syfers met 'n gegewe skaal faktor vergroot. Begin deur 'n middelpunt van vergroting te gebruik.

Kyk na hierdie voorbeeld en bespreek dit.



Let op na hoe ons dit skryf. Ons plaas 'n enkelafkappingsteken (') ná elke punt van die vergrote beeld.

A'B' = 2 × AB
B'C' = 2 × BC
A'C' = 2 × AC

Bereken die oppervlakte en omtrek van die
- oorspronklike driehoek
- vergrote driehoek

as een vierkant = 1 cm × 1 cm.

Oorspronklike figuur		Vergrote figuur	
Omtrek 3 cm + 3 cm + 4,24 cm = 10,24 cm omdat $AC = 3^2 + 3^2$ $= \sqrt{2 \times 3^2}$ $= \sqrt{4,24}$	Oppervlakte $\frac{1}{2} \times b \times h$ $= \frac{1}{2} \times 3\text{ cm} \times 3\text{ cm}$ $= \frac{9}{2}\text{ cm}^2$ $= 4\frac{1}{2}\text{ cm}^2$	Omtrek 6 cm + 6 cm + 8,48 cm = 20,48 cm	Oppervlakte $\frac{1}{2} \times b \times h$ $= \frac{1}{2} \times 6\text{ cm} \times 6\text{ cm}$ $= \frac{36}{2}\text{ cm}^2$ $= 18\text{ cm}^2$


Oppervlakte
- Oorspronklike driehoek = $4\frac{1}{2}$ cm
- Vergrote driehoek = 18 cm²
  18 cm² ÷ 4,5 cm² = 4

Omtrek
- Oorspronklike driehoek = 10,24 cm
- Vergrote driehoek = 20,48 cm
  10,24 cm × 2 = 20,48 cm

Die $\sqrt{4} = 2$ (omdat ons met oppervlakte werk).
Die skaalfaktor is 2.
Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor 2** is.

1. Met watter skaalfaktor word die figuur vergroot?

a. Elke vierkant op die blokkiespapier = 1 cm x 1 cm.



A'B' = (2) × AB = 2 × 3 = 6
B'C' = (2) × BC = _____ = _____
C'D' = (2) × CD = _____ = _____
A'D' = (2) × AD = _____ = _____


Wat is die omtrek en die oppervlakte van:
- die oorspronklike figuur?

Oppervlakte: _____ Omtrek: _____
- die vergrote figuur?

Oppervlakte: _____ Omtrek: _____

Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor** _____ is.

b. Elke vierkant = 1 cm × 1 cm



A'B' = (3) × AB = _____ = _____
B'C' = (3) × BC = _____ = _____
C'D' = (3) × CD = _____ = _____
A'D' = (3) × AD = _____ = _____

Wat is die omtrek en die oppervlakte van:
- die oorspronklike figuur?

Oppervlakte: _____ Omtrek: _____
- die vergrote figuur?

Oppervlakte: _____ Omtrek: _____


Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor** _____ is.

Teken:
Datum:

vervolg

112b Vergroting en verkleining vervolg

c. Elke vierkant = 1 cm × 1 cm



A'B' = 4 × AB

B'C' = 4 × BC

A'C' = 4 × AC

Wat is die omtrek en die oppervlakte van:

- die oorspronklike figuur?


Oppervlakte: _____ Omtrek: _____

- die vergrote figuur?

Oppervlakte: _____ Omtrek: _____

Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor** ___ is.

d. Met watter skaalfaktor word die figuur vergroot?



Wat is die omtrek en die oppervlakte van:

- die oorspronklike figuur?

Oppervlakte: _____

Omtrek: _____

- die vergrote figuur?


Oppervlakte: _____

Omtrek: _____

Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor** ___ is.

3. Teken die vergroting.

a. 'n Vergroting met skaalfaktor 5



Wat is die omtrek en die oppervlakte van:

- die oorspronklike figuur?


Oppervlakte: _____ Omtrek: _____

- die vergrote figuur?

Oppervlakte: _____ Omtrek: _____

Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor** _____ is.

b. 'n Vergroting met skaalfaktor $2\frac{1}{2}$



Wat is die omtrek en die oppervlakte van:

- die oorspronklike figuur?

  Oppervlakte: _____

  Omtrek: _____


- die vergrote figuur?

  Oppervlakte: _____


  Omtrek: _____

Ons sê dus dat die transformasie 'n **vergroting** met **skaalfaktor** _____ is.


Ons kan ook 'n vergroting soos dié teken.




4. Teken 'n vergroting met skaalfaktor 2.



Stap 1:



Stap 2:



A'B', B'C' en A'C' is net so lank soos A'C'. Hoe kan ek dit sonder 'n liniaal meet?

_____

Probleemoplossing

As ek 'n driehoek met sye gelyk aan 3 eenhede met 'n skaalfaktor 4 vergroot, wat sal die lengtes van die sye dan wees? Elke eenheid = 1 cm by 1cm. Wat is die omtrek en die oppervlakte van:


- die oorspronklike figuur?
- die vergrote figuur?

Teken:

Datum:


113a Nog vergroting en verkleining

Kyk na die voorbeelde. Bespreek die volgende:
Met watter skaalfaktor word die figuur vergroot? (2)



Werk in pare en bereken die oppervlakte en omtrek van:
- die oorspronklike figuur
- die vergrote figuur


Met watter skaalfaktor word die figuur vergroot? (4)



Werk in pare en bereken die oppervlakte en omtrek van:
- die oorspronklike figuur
- die vergrote figuur

1. Voltooi die volgende:

a. 2,1 cm



i. Vergroot met skaalfaktor 2.

ii. Bereken die omtrek en oppervlakte van:
- die oorspronklike figuur
- die vergrote figuur

iii. Wat merk jy op?

b. 2,5 cm




i. Vergroot met skaalfaktor 2.

ii. Bereken die omtrek en oppervlakte van:
- die oorspronklike figuur
- die vergrote figuur

iii. Wat merk jy op?

c.



i. Vergroot met skaalfaktor 2.

Teken:
Datum:


vervolg

113b Nog vergroting en verkleining vervolg

ii. Bereken die omtrek en oppervlakte van:
- die oorspronklike figuur
- die vergrote figuur

iii. Wat merk jy op?

d.



Diagonaal AC = 22,5 cm
Diagonaal BD = 16,5 cm


Wenk: Gebruik Pythagoras se stelling.

i. Vergroot met skaalfaktor 3.

ii. Bereken die omtrek en oppervlakte van:
- die oorspronklike figuur
- die vergrote figuur

iii. Wat merk jy op?

2. Voltooi die volgende:



a. Met watter skaalfaktor word die figuur vergroot? _____

